

## Paulus in aanhouding in Cesaréa



### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 24, Handelinge 25, Handelinge 26, I Korinthiërs 1:23.

#### Geheueteks:

“Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltetal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie.” (Handelinge 26:29).

**P**aulus se oorplasing na Cesaréa was die begin van ‘n tweejarige gevangenskap in daardie stad (Handelinge 24:27), om meer presies te wees in Herodus se paleis (Handelinge 23:35), die ampswoning van die Romeinse goewerneur. Gedurende daardie jare was daar verskeie hofsake waarin hy voor twee Romeinse goewerneurs, Felix en Festus, en ook ‘n koning (Agrippa II) verskyn het, om sodoende die bediening waartoe hy deur God geroep was, verder uit te brei (Handelinge 9:15).

In al hierdie verhore het Paulus daarop aanspraak gemaak dat hy onskuldig was, en beweer dat geen bewyse teen hom gevind kon word nie soos wat die afwesigheid van getuies teen hom dit duidelik gedemonstreer het. Die feit is dat die verhaal daarop wys dat Paulus niks gedoen het om gearrester te word nie, en dat hy vrygelaat kon word as hy hom nie op die keiser beroep het nie (Handelinge 26:32). Hierdie verhore het hom egter geleenthede gegee om van Jesus en die groot hoop wat die belofte van die opstanding inhou, te getuig. Daardie jare van gevangenskap was met angs en uitgerekte inperking gevul sonder dat die apostel blykbaar ondersteuning van die kerk in Jerusalem ontvang het, omdat die leiers “nog die gevoel gekoester het dat Paulus grotendeels verantwoordelik was vir die bestaande vooroordeel.” — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 318.

\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 22 September.

## Voor Felix

Vyf dae na Paulus se oorplasing na Cesaréa het 'n groep belangrike Joodse leiers – die hoëpriester, sommige lede van die Joodse Raad, en 'n professionele advokaat met die naam van Tertullus – vanaf Jerusalem gearriveer en hulle saak teen die apostel aan Felix voorgelê (Handelinge 24:1–9). Hierdie is die enigste saak in Handelinge waar die aanklaers 'n regsgeleerde se hulp ingeroep het. In sy toespraak het Tertullus 'n interessante strategie gebruik om die goewerneur se goedgesindheid te wen. Dit was doodeenvoudig nie waar dat die Jode 'n lang periode van vrede onder die leierskap van Felix geniet het nie. Die feit is dat geen ander goewerneur so onderdrukkend en gewelddadig soos hy was nie, en hierdie onderdrukking het 'n geweldige groot antagonisme teen Romeinse oorheersing onder die Jode tot gevolg gehad. Met heelwat vernuftigheid het Tertullus die goewerneur se eie administratiewe beleid gebruik om laasgenoemde te oortuig dat hy deur middel van hierdie saak politiese stabiliteit tot stand sou kon bring indien hy ook hier streng onderdrukking sou toepas. Daarna het hy voortgegaan en drie spesifieke aanklagte teen Paulus gebring: (1) dat Paulus 'n kwaadstoker was wat dwarsdeur die Romeinse Ryk onder die Jode gedurigdeur oproer verwek het (Handelinge 24:5); (2) dat hy 'n voorman van die sekte van die Nasaréners was (Handelinge 24:5 wat natuurlik geïmpliseer het dat die Christendom 'n tipe van 'n skeuringsbeweging was; en (3) dat hy probeer het om die tempel te verontreinig (Handelinge 24:6).

### **Lees Handelinge 24:10–19. Hoe het Paulus op elkeen van hierdie aanklagtes geantwoord?**

In antwoord hierop het Paulus toe twee ander punte geopper wat die saak van die aanklaers in 'n slegte lig gestel het: (1) die feit dat die getuies van Asië nie teenwoordig was nie (Handelinge 24:18, 19), en dit het natuurlik die potensiaal gehad het om te veroorsaak dat die saak ongeldig verklaar kon word, en (2) die feit dat hierdie aanklaers net verslag kon lewer oor die verhoor voor die Joodse Raad die vorige week (Handelinge 24:20), en dus niks anders gehad het om hom oor aan te kla nie, behalwe dat hy in die opstanding van die dode geglo het (vergelyk Handelinge 23:6). Felix het onmiddellik die belangrikheid van Paulus se argumente verstaan, ook omdat hy met die Christendom effens bekend was, heelwaarskynlik deur sy Joodse vrou, Drusilla. Hy het inderdaad besluit om die verrigtinge tot verdere kennisgewing te verdaag (Handelinge 24:22). Felix se optrede (Handelinge 24:24–27) het baie van sy karakter ontbloot: hy was 'n uitsteller, hy kon maklik omgekoop word, en hy was iemand wat altyd voordeel uit 'n geleentheid wou trek, 'n opportunist. Paulus se kans op 'n regverdige verhoor voor iemand soos Felix, was maar skaal.

**Lees Handelinge 24:16. Paulus het gesê dat hy altyd oefen om “voor God en die mense 'n rein gewete te hê”. Wat beteken dit? Wat, indien daar iets is, sal jy moet verander om dieselfde te kan sê?**

## Voor Festus

Nadat Paulus vir twee jaar in die gevangenes deur Felix aangehou was en dít net om die guns van die Jode te wen, was Felix met Porcius Festus as die goewerneur van Judéa vervang (Handelinge 24:27). Festus het vanaf 60 tot 62 n.C. geregeer.

**Lees Handelinge 25:1–5. Hoe help hierdie Skrifgedeelte om die haat te ontbloot wat die prediking van die waarheid kan veroorsaak in diegene wat nie die waarheid wil glo nie?**

---

Heelwaarskynlik omdat hulle reeds eenkeer misluk het om Felix van al die aanklagtes teen Paulus te oortuig, wou die leiers nie weer kans gewaag het nie. Daarom, met wat heelwaarskynlik Festus se eerste besoek aan Jerusalem was, het hulle 'n guns van hom gevra, naamlik om die regsgebied te verander en Paulus na hulle toe terug te stuur sodat die Joodse Raad hom volgens die Joodse wet kon verhoor. Maar die versoek was net 'n rookskerm om hulle werklike plan te vermom, naamlik om Paulus dood te maak. Alhoewel Festus gewillig was om die saak te heropen, het hy gesê dat die verhoor in Cesaréa sal plaasvind en nie in Jerusalem nie, wat beteken het dat Paulus deur die Romeinse regstelsel verhoor sou word. Kort nadat Festus terug in Cesaréa was, het hy die geregshof laat sit en Paulus se opponente toegelaat om hulle aanklagtes teen hom voor te lê (Handelinge 25:7). Hierdie keer herhaal Lukas nie die aanklagtes nie, maar uit Paulus se antwoord (Handelinge 25:8) lei ons af dat dit soortgelyk was aan die wat hulle twee jaar gelede voorgelê het, miskien met meer klem daarop dat Paulus 'n opstoker was en dat hy dus sodoende 'n bedreiging vir die Ryk was.

**Lees Handelinge 25:9–12. Toe Paulus agtergekom het dat Festus hom vir politieke redes kon gebruik, hoe het hy gereageer?**

---

Op die ou end het dit geblyk dat Festus nie baie van Felix verskil het ten opsigte van politieke strategie nie (Handelinge 24:27). Onwillig om die Jode se ondersteuning so vroeg aan die begin van sy administrasie te verloor as hy Paulus onskuldig sou verklaar, het hy daaraan gedink om hulle oorspronklike versoek toe te staan: om die apostel deur die Joodse Raad in Jerusalem te laat verhoor. Paulus het dit egter nie aanvaar nie omdat hy geweet het dat hulle hom onregverdig sou behandel as hy aan hulle strikke oorgelaat sou word. Deur op sy Romeinse regte staat te maak, het hy daarop aangedring om deur 'n Romeinse geregshof verhoor te word, en deur te besef dat hy nie uit hierdie gevaarlike situasie sou kon wegkom nie, het hy besluit om hom op die hoogste Romeinse regsbank te beroep, naamlik op die keiser self.

## Voor Agrippa

Festus het Paulus se versoek om na Rome gestuur te word, toegestaan (Handelinge 25:12). Intussen het die goewerneur besluit om ook van 'n staatsbesoek deur Herodus Agrippa II gebruik te maak om Paulus se saak met hom te bespreek, veral met betrekking tot die tipe inligting wat in die amptelike verslag aan die keiser gestuur moes word. Festus was nog nie baie bekend met die Jode se sake nie, en Agrippa kon hom sekerlik daarmee help (Handelinge 26:2, 3).

**Lees Handelinge 25:13–22. Wat het Festus oor Paulus aan Agrippa vertel, en hoe het die koning daarop gereageer?**

---

Agrippa II, die laaste van die Herodiane, het na Cesaréa saam met sy suster, Bernice, gekom om die nuwe goewerneur te groet. In sy beskrywing van Paulus se saak, het Festus teenoor Agrippa erken dat hy verleë was toe hy die aanklagtes teen Paulus gehoor het omdat dit nie die doodstraf verdien het nie, veral omdat dit nie politieke of kriminele oortredinge was nie. Dit het oor die Jode se godsdienstige sake gegaan, om meer spesifiek te wees, oor 'n sekere Jesus wat “dood is, van wie Paulus verklaar het dat Hy lewe” (Handelinge 25:19). Paulus het alreeds voor die Joodse Raad verklaar dat hy aangekla was oor sy geloof in Jesus se opstanding, en nou het Festus bevestig dat dit inderdaad die werklike kwessie was.

**Lees Handelinge 25:23–27. Hoe beskryf Lukas die seremonie van Paulus se verskyning voor Agrippa?**

---

“En daar staan Paulus toe, nog altyd geboei, voor die vergaderde geselskap. Wat 'n teenstelling het ons hier! Agrippa en Bernice het mag en aansien besit, en om daardie rede het die wêreld hulle gehuldig. Maar hulle het gebrek gely aan die karaktertrekke wat God waardeer. Hulle was oortreders van Sy wet, verdorwe van hart en lewenswyse. Hulle gedrag was vir die hemel afskuwelik.” — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 342.

**Wat moet ons uit hierdie verhaal leer oor hoe uiterlike voorkoms wat oënskynlik goed mag lyk, heel dikwels misleidend is oor die werklikheid agter die voorkoms? Wat van ons? Hoe verskil ons voorkoms met die werklikheid?**

## Paulus se verdediging

Die koninklike gaste het hulle plekke langs die goewerneur ingeneem en die gevangene was ingebring om sy verdediging te begin wat hoofsaaklik vir Agrippa se onthalwe bedoel was, aangesien Festus dit alreeds voorheen gehoor het (Handelinge 25:8–11).

### **Lees Handelinge 26:1–23. Waaroor het Paulus in sy toespraak voor Agrippa gepraat?**

---

---

---

Paulus se toespraak was eintlik 'n outobiografiese verslag van sy lewe van beide voor en na sy bekering. Wat die inhoud betref, stem dit ooreen met Handelinge 22:1–21 toe hy voor die skare in Jerusalem gepraat het. Die apostel het aanvanklik probeer om Agrippa se guns te wen. Hy het sy dankbaarheid vir die geleentheid om sy saak voor so 'n hoogwaardige persoon te kon stel, uitgespreek, veral omdat Agrippa met die gewoontes van die Jode en hulle godsdienstige kwessies goedbekend was. Daarom kon Agrippa baie help om die Romeinse goewerneur te laat verstaan dat die aanklagtes teen hom geen meriete gehad het nie, en vals was. Sy toespraak kan in drie dele verdeel word. In deel een (Handelinge 26:4–11) het Paulus na sy eertydse Fariseïese vroomheid verwys wat wyd bekend onder sy tydgenote in Jerusalem was. As 'n Fariseër het hy in die opstanding uit die dood geglo aangesien dit noodsaaklik vir die vervulling van Israel se voorgeslagte se hoop was. Die Jode was daarom onkonsekwent deur sy leer teen te staan, want dit het nie afgewyk van wat hulle geglo het nie. Maar hy het hulle gesindheid goed verstaan, want hy het dit self so ongelooflik gevind dat God Jesus gestuur het, dat hy diegene vervolg het wat daarin geglo het. In deel twee (Handelinge 26:12–18) het Paulus vertel hoe sy perspektief verander het na sy ontmoeting met Jesus op die Damaskuspad, en die roeping wat hy ontvang het om die evangelieboodskap na die heidene te neem. Paul het laastens vertel dat dit wat hy ondervind het (Handelinge 26:19–23) so buitengewoon was, dat hy geen keuse gehad het om te gehoorsaam en sy sendingaktiwiteit uit te voer nie, en dat dit die enigste rede was waarom hy nou verhoor moet word. Die ware kwessie vir sy arrestasie was dus nie dat hy die Joodse wet oortree of die tempel verontreinig het nie. Dit was oor sy boodskap van Jesus se dood en opstanding wat ten volle met die Skrif ooreengestem het om gelowige heidene toe te laat om ook verlossing te ontvang.

**Lees Handelinge 26:18. Volgens hierdie vers, wat gebeur met hulle wat verlossing in Christus het? Hoe het jy hierdie werklikheid ondervind?**

## Paulus voor die leiers

Alhoewel Paulus met Agrippa gepraat het, was Festus eerste om te reageer volgens Handeling 26:24. Festus sou geen fout gevind het as Paulus oor die onsterflikheid van die siel gepraat het nie, maar selfs die antieke Grieks-Romeinse heidene het geweet dat beide konsepte, onsterflikheid en opstanding, nie goed saamgegaan het nie. Daarom het hulle eersgenoemde aanvaar maar laasgenoemde verwerp. Dit is hoekom Paulus sê dat die evangelie vir die heidene dwaasheid was (I Korinthiërs 1:23). Paulus het toe op 'n eerbiedige wyse sy idees as waarheid en gesonde verstand beskryf en toe na Agrippa gedraai omdat hy 'n Jood was wat nie net kon verstaan wat gesê was nie, maar ook kon bevestig dat wat gesê was, ooreengestem het met wat die Hebreeuse profete verkondig het (Handeling 26:25, 26).

### **Lees Handeling 26:27, 28. Wat was Agrippa se reaksie op Paulus se ernstige vraag?**

---

Paulus se vraag het Agrippa in 'n moeilike posisie geplaas. Omdat hy 'n Jood was, sou hy nooit sy geloof in die Skrif kon ontken nie; aan die ander kant, as hy 'n bevestigende antwoord gegee het, het hy geen ander opsie gehad as om Jesus as die Messias te aanvaar nie. Hy het slim geantwoord om homself uit die logiese strik waarin hy hom bevind het, te bevry: “ ‘Jy beweeg my byna om ‘n Christen te word’ ” (Handeling 26:28) — die Engelse New Revised Standard Version (NRSV) vertaal hierdie frase blykbaar beter in vraagvorm, “ ‘Is jy besig om my so vinnig te oorreed om ‘n Christen te word?’ ” (Are you so quickly persuading me to become a Christian?)” Paulus se antwoord hierop onthul 'n indrukwekkende vlak van toewyding aan die evangelie: “ ‘Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie’ ” (Handeling 26:29). In sy laaste woorde in daardie verhoor het die apostel nie gepleit om vry te wees soos hulle wat na hom geluister het nie. In plaas daarvan het hy gewens hulle kon soos hy wees, behalwe vir die kettings om sy arms. Paulus se sendingywer was baie groter as sy besorgdheid oor sy eie veiligheid.

### **Lees Handeling 26:30–32. Hoe het Agrippa sy oortuiging dat Paulus onskuldig was, uitgedruk?**

---

Festus het Agrippa se hulp net nodig gehad om die verslag in te vul (Handeling 25:25–27). Paulus se beroep op die keiser was alreeds toegestaan (Handeling 25:12). Die gevangene was dus nie meer onder die goewerneur se regsag nie.

**Lees Handeling 26:24–28. Wat was Paulus se eintlike boodskap, en wat behoort dit ons te vertel oor wat ons finale mandaat in sake van geloof altyd behoort te wees?**

## Vir verdere studie:

“Nadat Agrippa Paulus hoor praat het, het sy gedagtes dalk teruggegaan na sy familie se geskiedenis en hulle vrugtelose pogings teen Hom van wie Paulus gepreek het? Het hy aan sy oupagrootjie Herodus en die slagting van die onskuldige kindertjies in Bethlehem gedink, aan sy grootoom Antipas en die moord op Johannes die Doper, aan sy eie pa, Agrippa I, en die marteling van die Apostel Jakobus? Het hy in die onheile wat hierdie konings oorval het bewyse van God se misnoë gesien weens die misdade teen Sy diensknegte? Het die vertoning van prag en praal van die geleentheid hom herinner aan die dag toe sy eie vader, ‘n heerser wat meer mag as hy gehad het, in dieselfde stad gestaan het terwyl die mense geskreeu het dat hy ‘n god is? Het hy vergeet dat selfs voordat die bewonderende geskreeu stilgeraak het, wraak, vinnig en vreeslik, die roemsugtige koning oorval het? Iets van al hierdie herinneringe moes deur Agrippa se gedagtes gegaan het; maar sy roemsug was deur die skitterende toneel om hom gestreel, en sy trots en eiewaan het al die edel gedagtes verdring.” — Ellen G. White *Comments, The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl 1066-1067, (vrye vertaling).

## Vrae vir bespreking:

1. Bespreek Paulus se besluit om hom op Caesar te beroep in die klas. Was dit die regte besluit wat hy gemaak het (vgl. met Handeling 25:25; 26:31, 32)? Tot watter mate kan ons wettige strategiese besluite maak om onself te beskerm in plaas daarvan om geheel en al op God se beskerming te vertrou?
2. Dink na oor Paulus se verklaring teenoor Agrippa: “Daarom, koning Agrippa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie” (Handeling 26:19). Wat sê dit aan ons van Paulus? Hoe getrou is ons as Christene aan ons sendingopdrag (I Petrus 2:9, 10)?
3. Paulus het ‘n passie vir mense gehad — nie vir getalle nie, maar vir mense. In sy laaste verhoor in Cesaréa het hy aan sy gehoor gesê dat sy hart se begeerte was dat almal van hulle soos hy moet wees; m.a.w., om soos hy deur die genade van God verlossing te smaak (Handeling 26:29). Hy het nie sy eie vryheid of regverdige behandeling meer begeer as dat hulle God se verlossingsdaad moes ondervind nie. Wat kan ons hier uit sy voorbeeld leer? Hoeveel is ons gewillig om op te offer vir die verspreiding van die evangelie?
4. Agrippa het ‘n kans gehad om die evangelie uit die mond van Paulus te hoor. En tog het hy dit verwerp. Hoe kan ons versigtig wees om nie groot geleentede wat ons te beurt val, te laat verbygaan nie? Met ander woorde, hoe kan ons geestelik op die werklikhede rondom ons ingestel wees?